Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JANUARIE 2013

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

STABILITEIT EN INTEGRITEIT HOEKSTENE VIR DIE TOEKOMS

In die jaarlikse toespraak waarin die Burgemeester die rigting moet aandui vir die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en die begrotingsproses vir 2013/14 het rdl Nicolette Botha-Guthrie gesê die missiestelling sal aangepas moet word om die belangrikheid van politieke stabiliteit en die munisipaliteit se onderskrywing van etiese waardes en gedrag te weerspieël.

Ontwikkelingsinisiatiewe wat vir 2013/14 voorgestel word, sluit in:

- Die ontwikkeling van infrastruktuur-instandhoudingsplanne vir water, paaie, vaste afval en stormwater;
- Infrastruktuurvoorsiening aan die hand van 'n opgedateerde Twintigjaar-infrastruktuurplan;
- Die skep van 'n bevorderlike omgewing vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling;
- Die handhawing van die munisipaliteit se puik regeringsprestasie onder meer deur middel van die wykskomitees, volgehoue pro-aktiewe kommunikasie met belangehouers en organisatoriese stabiliteit;
- Maatskaplike opheffing deur op vroeë kinderontwikkeling te konsentreer asook om met welsynsvennote te skakel om 'n volhoubare oplossing vir die behoefte aan 'n skuiling vir haweloses te vind;
- Die handhawing van 'n veilige en gesonde omgewing vir die Overstrand gemeenskap deur middel van wetstoepassing en die bestuur van brande en rampvoorkoming;
- Die voortsetting van gesonde finansiële bestuur om te verseker dat dienslewering aan die gemeenskap binne die bestek van die beskikbare hulpbronne geskied; en
- Om na 'n skoon ouditverslag vir die 2013/14 finansiële jaar te strewe.

Die Burgemeester het berig dat die Wes-Kaapse Minister van Plaaslike Regering Overstrand se GOP beskryf het as goed gestruktureer, realisties en implementeerbaar, maar areas van verbetering uitgewys het, spesifiek met betrekking tot sektorale planne.

Sy het voorts daarop gewys dat sentraal tot die hersiening van die GOP die gewaardeerde deelname en insette van die wykskomitees, OMAF, die sektorale departemente, die administrasie en die Raad staan. Strategiese sessies is reeds gehou en sal oor die volgende paar maande plaasvind om te verseker dat die munisipaliteit teen einde Maart 2013 'n geloofwaardige konsep GOP-hersiening en begroting ter tafel kan lê.

Ter afsluiting het rdl Botha-Guthrie daarop gewys dat die uitlewing van die munisipaliteit se visie "om 'n sentrum van uitnemendheid vir die gemeenskap te wees" 'n samewerkende poging van al die rolspelers verg. Sy is vol vertroue dat met almal se samewerking Overstrand in staat sal wees om oor die volgende vyf jaar en binne sy finansiële vermoë uitvoering aan die GOP te gee.

OMAF GEE 'N KYKIE IN DIE KRISTALBAL

'n Goed bygewoonde vergadering van die Overstrand Munisipale Adviesforum (OMAF) op Donderdag 6 Desember 2012 het nie net 'n voorskou op die konsep kapitaalbegroting vir 2013/14 en 'n opdatering van die Munisipale Twintigjaar-infrastruktuurplan opgelewer nie, maar daar is ook 'n evaluering van die wykskomiteestelsel gegee.

Rdl Ben Solomon, Voorsitter van die Finansies-portefeuljekomitee, het in sy ontleding van die situasie met betrekking tot die Kapitaalbegrotingsvoorstelle vir 2013/14 gesê dat die totale koste van die versoeke van sowel die wykskomitees as die munisipale direktorate R291 miljoen beloop het en dat in daardie stadium slegs R97 miljoen se projekte geakkommodeer is.

Onder die projekte wat uitgeval het, was die opgradering van die Hermanus Taxiterminus (R9m), onderhoud van die elektrisiteitsnetwerk bykomend tot die huidige begroting (R7m p/a), 'n nuwe kantoorgebou (R30m) en stormwaterdreinering (R3m p/a). Kantoorruimte word benodig vir 'n argief, 'n munisipale hof en ruimte om produktiwiteit te verbeter.

Daar is verskeie redes waarom daar nie voldoende fondse is om in die behoeftes van die publiek en die munisipaliteit te voorsien nie, volgens rdl Solomon. Die huidige ekonomiese situasie bevorder nie grondverkope nie, die begrote inkomste van die huidige jaar toon net 9 persent groei teenoor die gemiddelde van 18,8 persent by ander munisipaliteite en onderhoudskoste het verhoog omdat daar meer fasiliteite is en van die infra-struktuur oud is.

Die pad vorentoe, sê rdl Solomon, is om steeds te fokus op die verhoging van produktiwiteit, seker te maak dat geld nie op luukshede bestee word nie, pogings te verskerp om fondse vanaf nasionale en provinsiale owerhede te verkry en geleenthede te soek om beleggings na ons munisipaliteit te lok.

Mnr Henk Kleinloog, Direkteur van Finansies, het die vergadering ingelig dat die munisipaliteit beplan om eksterne lenings op te neem vir die finansiering van projekte ten opsigte van elektrisiteit (R14,5m), water (R15,9m) en riolering (R9,6m). Surplusse uit inkomste beloop R10m en sal aangewend word vir die aankoop van voertuie (R4,7m), inligtingstegnologie (R0,8m), die ontwikkeling van 'n nuwe sel by die Gansbaai-stortingsterrein (R1,4m), die Hermanus Parallelpadprojek (R1,7m) en kleiner bates van R1,3m.

Daar is ook eksterne befondsing vir sekere projekte in die vorm van die Munisipale Infrastruktuurtoekenning (MIG) van R 17,9m en 'n behuisingstoekenning van R 29,2m.

In sy toeligting oor die opgedateerde Twintigjaarplan vir Munisipale Infrastruktuur het mnr Stephen Müller, Direkteur van Infrastruktuur en Beplanning, gesê dat in terme van bevolkingsgroei volgens die 2011 Sensus lê Overstrand 7de nasionaal en 3de in die Wes-Kaap. Die munisipaliteit se bevolking het met 46 persent van 55 000 (2001) tot 80 400 (2011) toegeneem. In terme van bevolkingsgetalle is Overstrand 146ste landwyd en 13de in die Wes-Kaap, wat min of meer gemiddeld is.

Bevolkingsgroei plaas groot druk op die munisipaliteit wat betref stedelike uitbreiding, stedelike verdigting en die vervanging van verouderde infrastruktuur. Mnr Müller het melding gemaak van die Overstrand Munisipale Groeibestuurstrategie, waarvan die oorhoofse doel is om 'n stel toepaslike, areaspesifieke beleidsriglyne te voorsien wat die munisipaliteit proaktief kan gebruik om groei te rig en te bestuur deur stedelike verdigting te implementeer met behulp van maatreëls wat die aard van die verskillende dorpe en nedersettings in ag neem.

Mnr Roderick Williams, Direkteur van Gemeenskapsdienste, het 'n evalueringstelsel vir die meting van die effektiwiteit van wykskomitees voorgestel. Dit is gebaseer op inligting wat uit die munisipaliteit se elektroniese dokumentbestuurstelsel verkry word en gaan binnekort gebruik word in 'n inligtingsveldtog om gemeenskappe bewus te maak van hul wykskomitees,

Hy sê die wykskomiteestelsel het te kampe met 'n klompie uitdagings al is Overstrand s'n as 'n nasionale beste praktyk aangewys. Onder meer moet daar gekyk word na terugvoeringsmeganismes na die kiesers, die erkenning van die wykskomitee as die formele skakelliggaam tussen die owerheid en die gemeenskap en die tydige indiening en hersiening van wykskomiteeprojekte.

PRODUKTIEFSTE MUNISIPALITEIT IN SUID-AFRIKA

Die Munisipaliteit Overstrand het na vore getree as die produktiefste plaaslike owerheid in Suid-Afrika in die sesde jaarlikse Munisipale Produktiwiteitsindeks (MPI) wat einde November uitgereik is deur die firma Municipal IQ, 'n data en intelligensiediensverskaffers wat op plaaslike owerhede spesialiseer.

Onder die metropolitaanse gebiede was Kaapstad die top-presteerder.

Dié indeks kombineer finansiële en nie-finansiële data vir 'n assessering van die vermoë van individue om in die plaaslike ekonomieë betrokke te raak, die lewensomstandighede van inwoners, die veerkragtigheid van die plaaslike ekonomie en die bydrae wat die munisipaliteit daartoe lewer,

Die vyf faktore wat in die indeks gebruik word is:

- Die vlakke van armoede en die munisipale respons daarop (toegang tot deernishulp);
- Toegang tot basiese munisipale dienste;
- Ekonomiese "intelligensie" (infrastruktuur wat inwoners gebruik om by die ekonomie betrokke te raak) en die samestelling van die ekonomie in terme van vaardigheidsvlakke, opvoeding en indiensneming;
- Finansiële regering en uitgawevlakke van die plaaslike munisipaliteit; en
- Die vakante poste-koers in die munisipaliteit.

Die nuwe sensusdata is in berekening geneem.

Volgens die vrystelling van Munisipale IQ's weerspieël die MPI nie noodwendig regstreeks die munisipale bevoegdheid nie, maar is dit 'n aanduiding van hoe die bestedingspatrone van 'n munisipaliteit die sosio-ekonomiese konteks versterk en beïnvloed.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie sê sy is bly vir die erkenning wat daardeur gegee word aan die puik stelsels wat in plek is en die amptenare se harde werk om 'n daadwerklike verskil veral aan die lewens van arm mense te maak. Die opname is 'n belangrike onafhanklike maatstaf vir die meting van produktiwiteit en stel die munisipaliteit in staat om sy prestasie met dié van ander munisipaliteite te vergelyk. "Hoewel ons trots is op ons posisie is dit duidelik dat daar nog ruimte vir verbetering is," het sy gesê.

TABEL: TOP 10 PLAASLIKE MUNISIPALITEITE OP MPI

Naam	Pos	2012 punt	Groepgemiddeld
Overstrand (WK)	1	59.1	41.9
Stellenbosch (WK)	2	58.3	41.9
Bitou (WK)	3	57.9	41.9
Knysna (WK)	4	57.8	41.9
Merafong City (Gt)	5	56.9	41.9
Saldanha Bay (WK)	6	56.9	41.9
Drakenstein (WK)	7	56.6	41.9
Gamagara (NK)	8	56.5	41.9
Mossel Bay (WK)	9	56.4	41.9
Steve Tshwete (Mp)	10	56.0	41.9

By die sertifikaatplegtigheid was (sittende van links) rdl Moira Opperman, voorsitter van die Beskermingsdienste-portefeulje, Beskermingsdienste-direkteur Neville Michaels, Hoof van Verkeer en Wetstoepassing Rudi Fraser, Senior Inspekteur Zingani Tshefu en Streeksinspekteur André Lucas.

KENNIS SO UITGEBREI

Op Dinsdag 4 Desember het lede van die Gansbaai-buurtwag asook munisipale wetstoepassers en bobbejaanmoniteerders sertifikate ontvang vir hul bywoning van 'n kursus oor die Munisipaliteit Overstrand se verordeninge.

Die kursus vorm deel van die Direktoraat Beskermingsdienste se uitreikingsveldtog om kennis oor en begrip van munisipale verordeninge te verhoog onder lede van die gemeenskap wat dit in hul werksaamhede kan gebruik.

Terwyl sommige plaaslike owerhede van promosietoere gebruik maak om hul gemeenskappe op die hoogte te bring, het die Munisipaliteit Overstrand besluit om eerder lede in gemeenskappe deeglik op te lei sodat hulle op hul beurt ander kan opvoed, vertel senior inspekteur Zingani Tshefu, wat die opleiding koördineer,

Die bobbejaanmoniteerders en die wetstoepassers het hul opleiding by die munisipale kantore in Onrus deurloop en die buurtwagbeamptes by die munisipale kantore op Gansbaai. Oor drie dae is die verordeninge insake die aanhou van honde en katte, strate, openbare plekke en die voorkoming van openbare oorlaste, vaste afval en gemeenskapsbrandveiligheid met hulle behandel.

Hoewel daar van die meeste van hulle nie verwag word om die verordeninge toe te pas nie - dit is die taak van munisipale wetstoepassers - is die kursusgangers nou bykomende oë en ore en kan hulle help om bewustheid in hul gemeenskappe te bevorder. Die volgende opleidingsgeleenthede sal vir lede van die Zwelihle en Mount Pleasant-buurtwagte wees.

EERSTE OAK KONSERTE IN 2013

Overstrand Arts/Kunste (OAK) skop 2013 af met 'n konsert deur die Noorweegse pianis Rune Alver op 12 Januarie om 19:00 in die Ouditorium van die Overstrand-burgersentrum op Hermanus. Die immer gewilde Zappa Mainolfi Duo (tjello en klavier) bied op Sondag 10 Februarie om 15:30 'n uitvoering by dieselfde venue aan. Kaartjies kos R100 (R50 vir skoliere) en besprekings kan by die BELLINI GALLERY in Village Square-winkelsentrum of by 028 312 4988 gedoen word. Vir verdere navrae kontak René du Plooy by 082 940 4238.

O·A·K

In November 2012 het Overstrand Munisipaliteit die titel vir die Groenste Munisipaliteit nasionaal in 2010/11 by 'n seremonie in Kempton Park ontvang. Dié trofee, 'n sertifikaat en 'n tjek ter waarde van R3,5 miljoen is aan die Raad getoon by sy laaste vergadering van die jaar. Van links staan Johan van Taak, Bestuurder van Vasteafvalbestuursbeplanning, Stephen Müller, Direkteur van Infrastruktuur en Beplanning, Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, en Roderick Williams, Direkteur van Gemeenskapsdienste.

TOEKENNINGS IN 2012

- Nasionale wenner van die Groenste Munisipaliteit-kompetisie (2010/2011).
- Wenner van die kategorie vir Waterbestuur by die 2012 Wes-Kaapse afdeling van die Groenste Munisipaliteit-kompetisie asook die ontvanger van 'n sertifikaat vir Hoogstaande Prestasie met 'n Innoverende Projek vir die Kleinmond behuisingsprojek.
- Die munisipaliteit se Eiendomsbelastingkantoor ontvang die Omgewingstoekenning vir uitstaande dienslewering met die uitreiking van elektroniese uitklaringsertifikate vanaf Korbitec, 'n maatskappy wat deur oordragprokureurs gebruik word om elektroniese aansoeke in te dien vir belasting uitklaringsertifikate. Oor die afgelope twee jaar het die elektroniese oordrag van sulke sertifikate met 78 persent toegeneem.
- Blouvlagstatus vir die 2012/13 seisoen vir die strande Grotto (11de jaar), Hawston (7de jaar) en Kleinmond (4de jaar). Grotto is tans die strand met die langste ononderbroke Blouvlagstatus in die land.
- Bloudruppeltoekennings in die 2012 evaluering:
  - Franskraal-Watersuiweringsaanleg by Gansbaai het die nasionale toekenning ontvang vir die indrukwekkendste aanleg in sy klas van kleiner werke.
  - Die Munisipaliteit Overstrand as 'n geheel ontvang 'n assesseringspunt van 96,82 persent wat hom 12de nasionaal en vyfde in die Wes-Kaap plaas. Dit is 'n merkwaardige verbetering op verlede jaar se 90,56 persent en 24ste plek nasionaal.
  - Bloudruppels is toegeken aan die aanlegte op Hermanus (Preekstoel), Gansbaai (Franskraal), Buffelsrivier (Hangklip), Kleinmond en Pearly Beach.
  - Silwer toekennings is aan Franskraal en Buffelsrivier gedoen omdat hulle die Bloudruppel vir 'n tweede agtereenvolgende keer verwerf het.
- Finalis vir die Wilson-toekenning van die Waterinstituut van Suider-Afrika vir die bestuur van rioolsuiweringswerke.
- Munisipaliteit Overstrand se direktoraat Finansies was die naaswenner in sy kategorie vir 'n kompetisie vir plaaslike owerhede wat van die SAMRAS Finansiële Stelsel gebruik maak.